



KAMMANUUS

Nommer 378

9 Julie 2014

'n Publikasie van onsdorp.com

TOULEIER



ANDERKANT DUSKANTLAND

Xenofobie brand los rondom ons

Hoofstuk I, Deel III

Terwyl hulle ons 'n meer permanente kamp naby Ha Lejone bo op die berg bou, moes ek daagliks pendel met 'n viertrek Toyota-bakkie, die gevestigde en erkende werkesel van die projek. Dit het egter langer geneem om werk toe en terug te ry as om regtig te werk.

Ons kantore het bestaan uit twee skeepshouers wat langs die rivier afgelaai is. Die Malibatso-rivier en vallei - die 'l' word as 'n "d" uitgespreek in Sotho - was toe nog heel ongeskonde.

Hier en was daar 'n paar mielielande waar hulle gelyk plekkies kon kry teen die boomlose berghange. Daar is amper net so min bome in Lesotho as wat daar krokodille is. En daar is geen krokodille nie. Hoewel hulle 'n krokodil op hulle landsvlug het, is daar geen rekord dat daar al ooit een in Lesotho opgemerk is nie. Hulle hou egter voet by stuk dat daar 'n groot monster en 'n bielie van 'n tanneman in die Malibatso-rivier is!

Sommer gou kom ons eerste beproewing. Xenofobiese onluste breek in Lesotho uit. Buitelanders, en veral die Sjinese en Indiër winkeleienaars, word geteiken. Daar word klip gegooi en plekke word afgebrand. Skote klap. 'n Mens wil nie regop loop in die huis nie want die mure is maar van dun woonwa-aluminium gemaak. Ons beweeg dus vinnig en gebukkend en net as ons moet.

Daar word plat gelê op die vloer wanneer die skote te naby klink. Padblokkades word opgestel deur die weermag. 'n Aandklokkeël word afgekondig en almal moet voor donker weer terug wees in die kamp. Na die derde dag van onluste en plunder, klop daar teen skemeraand iemand dringend aan ons *parkhome* se deur. Ons eenheid staan juis sommer hier neffens die kampdraad. Met 'n onstuimige hart besluit ek om te loer wie dié tyd van die nag dapper genoeg is om rond te loop. Kan dit dalk die klipgooiers self wees wat oor die draad gesprong het? Ek moet maar oopmaak, wat anders kan 'n mens doen? As hulle wil inkom, sal hulle tog 'n manier vind.

Ek skakel die stoep lig aan en maak die deur op 'n skrefie oop. In die ander hand het ek 'n lang kombuis mes.

Voor my op die trap staan 'n beteuterde Filippynse familietjie van drie mense. Die pa is 'n voorman wat saam met ons werk. Hy vra my met angs in sy oë of hulle maar kan inkom. Hulle dogtertjie is popklein. Ons bied koffie aan en bewrig vertel hulle hoe hulle moes vlug uit hulle huis in Leribe want hulle word ook nou as Sjinese aangesien. Dis juis die Sjinese wie se winkels afgebrand word.

Toe die kleintjie die woord Sjinees hoor, staan sy skielik regop en met die ruggie agteroor gebuig, verklaar sy trots-kwaad terwyl sy met die vingertjie op haar eie borsie tik, "Me no China, me Pilliepieno!" Ons sou later uitvind hulle kan nie 'n "f" uitspreek nie.

Duidelik dankbaar toe ek hulle ons spaarkamer aanbied, vertel hy my van sy en sy familie se noue ontvoering. Hoe die plaaslike bevolking hulle ook onder die klippe gestee het en met messe gedreig het. So bly hulle 'n week lank by ons tot dinge weer begin bedaar het. (*Word vervolg*)

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Lees die begin van die storie op www.onsdorp.com

Om die kampvuur

Waar kry Pofadder sy naam?

Pofadder, in die Noord-Kaap, se naam het eintlik niks met slange te doen nie.

Die eerste erwe is in 1917 verkoop en een van die oudste geboue is die Rooms-Katolieke Kerk, waar onder meer hoenderboerdery en 'n melkery bedryf word om werk aan armes te verskaf.

Die sendingstasie is in 1875 gestig en vernoem na die Koranna hoofman, Klaas Pofadder, wat deur die setlaats doodgeskiet is. Daar is 'n standhoudende fontein wat die dorpie van water voorsien.



Wie het die eerste hamburger gemaak?

Hieroor word baie gestry, maar dit klink aanvaarbaar dat die eerste een - 'n plat vleiskoekie tussen twee snye brood - in 1900 in Amerika geskep is deur die Deense immigrant Louis Lassen.

Daar is teenaansprake van vyf ander mense en White Castle voer sy skepping terug na Hamburg in Duitsland, met die uitvinder Otto Kuase.

Hoe dit sy, die hamburger het sy nasionale erkenning gekry by 1904 se St Louis World Fair, waar die Boeregeneraal Piet Cronje en 'n paar swart mense ook 'n voorstelling van die Boereoorlog gemaak het.

Die een probleem om die burger se ware skepper te vind, is dat daar min daaroor in die geskiedenis geskryf is. Dis ook moontlik dat meer as een persoon in verskillende dele van Amerika min of meer gelyktydig met die idee gekom het.

Die herkoms van ons gesegdes (32)

Oorhoeks: Oorhoeks wees (raak) met iemand (met iemand rusie maak)

Om oorhoeks met iemand te wees, is om diagonaal teenoor iemand te staan, byvoorbeeld in 'n kryt. Daaruit het die betekenis van 'n teenstander, 'n vyand ontwikkel. Om jou oorhoeks te werk, is 'n betekenis wat in Afrikaans ontwikkel het. In Middelnederlands het oorhoeks ook haaks beteken - en in Afrikaans het ons ook haaks wees met mekaar, dit wil sê in kwaai-vriendskap lewe of gedurig baklei.

Opdok: Iemand moet opdok (iemand moet betaal)

Opdokken in Nederlands het vroeër ook die betekenis gehad van "afskuif, wegstoot"; opdok beteken dus eintlik "geld van jou af te skuif, weg te stoot."

Opgeskeep: Met iets iemand opgeskeep sit (nie van iets of iemand ontslae kan raak nie)

Om met iemand opgeskeep te wees, is om met die persoon op 'n skip te vaar en hom dus altyd by jou het. Verder, as dit jou skip is, is jy ook nog verantwoordelik vir hom, en op dié manier is hy 'n oorlas.



Waar kry ons die woord malvalekker?

Die etimologie (herkoms) van die woord malvalekker kan gereedelik teruggevoer word na die Engelse benaming vir dié soetgoed, naamlik marshmallow.

Die marshmallow-plant se botaniese naam is *Althaea officinalis*, 'n lid van die familie *Malvaceae*, en dus verwant aan die meer bekende malvas.

Die ligpienk blommetjies, blare en wortels van dié plant het medisinale eienskappe, en in antieke tye is daar in die Midde-Ooste van die wortels 'n ekstrak gekook, waarvan 'n lekkergoed genaamd halva gemaak is.

Die voorganger van die malvalekker."



ROELFIE SLAAT RAAK

Politieke blertse aan die kaak

Die lugdiens wat nie passasiers soek nie

DIE SAL wil ons nie regtig as passasiers hê nie en Roelfie dink hulle sal dit waardeer as ons hulle boikot en ander lugdienste gebruik.

Dan kan hulle heeltemal sluit, ophou om die string gewese hoofde met goue handdrukke te beloon en 'n einde maak aan die jaarlikse verlies.

Die SAL sal natuurlik nie met Roelfie saamstem nie, maar hoekom anders het hulle die Londen-Kaapstad-roete gesluit? Miskien om die mense wat dit verpes om op Oom Tambo oor te klim af te skrik?

▣ Of altemit is dit om die DA-geregeerde Wes-Kaap, wat sulke groot stygings in toeriste het, by te kom?

Dis nooit óns skuld nie!

ONS Suid-Afrikaners is nou wel onderaan die wêreld se ranglyste vir sokker en wiskunde (en taamlik bo-aan vir wanbestuur en korrupsie), maar as daar nou een ding is waarin ons uitblink, dan is dit om die blaam te verskuif.

Maak nie saak watter ramp ons tref nie, dis nooit ons skuld nie.

'n Vliegtuig vol ryk Indiërs land onwettig op 'n hoësekerheidsvliegveld, en almal wys vinger. En op die ou end is dit die ou wat daai raketjies geswaai het wat die gelag betaal.

Die mynwerkers staak, nie oor iets wat ons verkeerd doen nie, maar glo weens buitelandse belange wat die land wil destabiliseer.

Die jongste blaamverskuiwing is oor ons parlementariërs wat so vet is dat sommiges nie twee-twee op 'n bank kan sit nie en die gange ook maar knap vind.

En dis natuurlik nie hulle skuld dat Tent & Tarpaulin hul klere moet maak nie, Nee, dis oor die parlement se kos so ongesond is.

▣ Roelfie vermoed niemand het nog voorgestel dat hulle kleiner porsies eet en minder kos in hul handsakke huis toe neem nie.

SAL kan 'n groot L op sy vliegtuie plak

TERUG na die SAL. Op die oomblik is 90% van die vlieëniers wit. Roelfie gee natuurlik nie om watter kleur of selfs geslag hulle is nie, solank as wat hulle meer vliegure as net tien retoervlugte onder die belt het.

Nou wonder Roelfie mos: Wat daarvan dat hulle 'n groot L op daai vliegtuie plak, dan weet ons darem ons vlieg met iemand wat nog leer wat die verskil tussen 'n kiere en 'n joystick is?

▣ Of gaan hulle net versierings in die stuurkajuit wees en 'n vet salaris kry, of sal hulle met die knoppies en instrumente eksperimenteer net om te kyk wat gebeur (die indruk wat Roelfie kry wanneer daar weer een of ander blaps op TV is, soos wanneer die klank skielik verdwyn)?

Jy hóéf dit nie te eet nie

MAAR kom ons praat weer oor obesiteit. Die driegangmaaltye is natuurlik ook nie verpligtend nie. Is hulle bang hulle word met 'n appel en 'n wortel en 'n volgraantoebroodjie in hul aktetasse betrap?

Baie van ons neem elke dag 'n kosblik saam werk toe. Die slimmes vul dit met 'n slaai, kaas, vrugte, neute en 'n gesonde toebroodjie.

Wat Roelfie die meeste bekommer, is dat mense wat nie beheer het oor die inhoud van 'n eetbord nie, beheer het oor die land.

Maar dis natuurlik nie hulle skuld nie – dis daai spul stout kamerade in die kombuis se skuld – al het nie een van die eters al daaraan gedink om die ekstra vet met 'n parlementêre mes af te sny nie.

▣ As ons die kombuiskamerade vra hoekom hulle ons leiers in vetballe verander, sal hulle sê dis nie hulle skuld nie. Dit is die skuld van die verskaffers wat daarop aandring om al die gemorskos aan te ry . . .

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

POTLODE

Die juffrou se gr.1-klas moet die werk van die bord afskrif. Ewe skielik vlieg Jannie op.

"Juffrou, myne potlood is weg!"

"Jannie, dis nie myne potlood nie. Dis my potlood is weg, sy potlood is weg, haar potlood is weg, hulle potlode is weg.

Jannie (met 'n plooi op sy voorkop):

"Jislaaik, Juffrou, wat het van al die blierie potlode geword?"

(Van Johann Mostert)

PIETERTJIE

Pietertjie van Brakpan kom van die grens af terug, gooi sy rugsak af en stap kombuis toe en haal sy R4 van sy skouers af om sy ma te beïndruk en skiet sy voorletters op die plafon uit.

Toe stap hy agterdeur toe, pluk 'n handgranaat van sy belt af en gooi dit in die hoenderhok dat jy net vere en sinkplate sien trek.

Ma: "Seun, dit was amazing. Jammer jou pa kon dit nie gesien het nie."

Pietertjie: "Hoekom nie? Waar is Pa dan?"

Ma: "Hy was besig om die hoenders kos te gee."

KOPPE

Die man besoek die haarkapper en knoop 'n geselsie aan terwyl hy werk. "Wou jy altyd 'n haarkapper gewees het?"

"Nee, ek wou graag 'n brein-chirurg gewees het."

"Wel, jy werk nog met koppe."

"Is waar. Hulle inhoud verskil net baie."

Selon une étude sérieuse, 99.99% des hommes ne remarqueront jamais la souris sur le beigne!



Kyk onderaan hierdie die kolom vir die vertaling.

BUURMAN

Ek word laas nag wakker om toilet toe te gaan en sien 'n Nigeriër besig om deur my buurman se tuin te sluipe.

Skielik kom my buurman van nêrens te voorskyn, slaan hom met 'n graaf oor die kop - morsdood.

Toe begin hy om 'n graf met die graaf te grawe.

Baie verbaas het ek in die bed teruggeklim. My vrou vra: "Liefie, hoekom skud jy so, hoekom is jy so ontsteld?"

"Jy sal my nooit glo nie," het ek gesê. "Daai blikskottel hier langsaan het nog nooit my graaf teruggebring nie!"

VERKEERDE SOORT

Naas stap die apteek binne en vra vir 'n reukweerder.

"Die bal-tipe?" vra die apteekmeisie.

"Nee," sê Naas, "dis vir onder my arms."

Liewe Algebra
Hou op om te vra waar jou X
is. Sy kom nie terug nie.

VERTALING

"99% van alle mans sal nie die muis op die donut sien nie."

ANDY CAPP deur Reg Smythe



Uit die Wakis

Stories vir die vaak



Tradisionele Boeredanse

Hierdie program is 20 jaar gelede op SAUK-TV uitgesaai en het groot belangstelling gewek en talle Boeredansklubs is daarna gestig.

Dit is nou op DVD beskikbaar.

Die program is gebaseer op die navorsing van prof. Edith Katzenellenbogen en vertel van die herkoms van die polka, vastrap, seties, wals, ens.

Dansers illustreer die danse met begeleiding deur 'n Boerorkester en die opnames is by die Kleinplasië Opelugmuseum in Worcester gemaak en word deur Trix Pienaar aangebied.

Prys in Suid-Afrika: R125.00 per geregistreerde pos.

Oorsee: R170 per geregistreerde pos.

Rig navrae aan:
vryskut@spektrum.co.za

Baie slim

Die man stap op die strand toe hy afkom op 'n lampie wat uit die sand steek.

Daar is toe 'n genie binne-in wat hom een wens gee.

"Die ewige lewe."

"Jammer, maar dit kan ek nie gee nie."

"Goed. Ek wil eers sterf wanneer die

ANC ophou om korrup te wees."

Genie: "Jou slim blikskottel!"

'n Skot, 'n Engelsman en 'n Ier het pas hul eerste ronde drankies begin geniet toe 'n vlieg in elkeen se glas val.

Die Engelsman het geweier om syne te drink en het nog 'n bier bestel.

Die Ier het sy vlieg saam met die skuim weggeblaas en verder gedrink.

Maar die Skot het die vlieg versigtig aan sy vlerkies opgetel en hom oor sy glas gehou.

Toe sê hy: "Go on! Spit it oot ya wee bastard!"

Blondine met 'n slap riem gevang



'n Aantreklike blondine van Brakpan was so depressief dat sy besluit het om selfmoord te pleg deur in die Kaapstadse hawe te verdrink.

Net voor sy spring, keer 'n aantreklike jong man van Parow haar.

"Jy het so baie om voor te leef," sê hy. "Ek is 'n matroos en ons seil môre Italië toe. Ek kan jou op die skip wegsteek en jou elke dag versorg en jou gelukkig maak."

Sy aanvaar die aanbod en hy steek haar in 'n gerieflike, klein kompartement weg en bring elke aand vir haar kos en 'n bottel wyn en hulle kafeel tot dagbreek.

Twee weke later ontdek die skeepskaptein haar op 'n roetine ondersoek en hy wil weet wat aangaan.

"Ek het 'n ondememing met een van die matrose. Hy bring vir my kos, en ek reis gratis Italië toe."

"Ek sien," sê die kaptein.

En omdat haar gewete haar oor die halwe waarheid pla, voeg sy by: "En hy spyker my elke aand."

"Hy is beslis besig om dit te doen," sê die kaptein.

"Jy is op die veerboot wat heen en weer Robbeneiland toe seil."

**V: Hoekom marsjeer doedelsakspelers?
A: Want dis moeiliker om 'n bewegende teiken raak te skiet.**

BUFFER- PLAKKERS



se ware betekenis (II)

11. "Stokmannetjies":

Check uit my gesin. Dis bef-k, nè? Dis nou ek, my vrou en die kinders. En check hoe braai ek op die Weber. Bef-k. En check die hond aan die een kant. Dis bef-k. F-k, maar ons is uniek huh? Wow. Awesome.

12. "Manchester United":

My naam is Rodney en ek was nog nooit by Old Trafford in Manchester nie. Om die waarheid te sê, die verste wat ek nog van Jo'burg af was, was toe ek met die Greyhound-bus vir my ouma in PE gaan kuier het.

Ek is 'n wenner, want Man U is spesiaal. Huh, wie is David Moyes? Nog nooit van hom gehoor nie.

13. Ou SA vlag:

Ek is 'n bietjie geworry oor wanneer Mandela doodgaan. Want dan gaan wittes uitgemoor word.

O, hy's reeds dood? Wel, ek wil nou nie paranoid wees nie, maar as ek jou 'n tip kan gee, sal dit wees om die Suidlanders te join. Dis nou 'n great klomp Christenmense daai.

14. "Save the Rhino":

Hallo, ek's f-kken clueless. Daarom ry ek rond met 'n "Save the Rhino" sticker op my kar se bumper. Want as mense dit op die N1 sien, gaan die poachers uit Mosambiek duiselig word terwyl hulle met AK-47s in die Krugerwildtuin renosters uitwis.

En net om die stickers se towerkragte te vermenigvuldig, het ek ook 'n rooi renosterhoring van plastiek op my kar se grille vasgemaak. Sodat almal kan sien wase smug, naiewe koek ek is.

15. "Don't laugh, your daughter's inside":

My naam is Steve, ek is 32 jaar oud en ek is nog n virgin. Maar wanneer mense dié sticker agterop my ou Kombi sien, gaan hulle scheme ek's 'n groot stud wat cool is en baie spyker op musiekfeeste. En ek gaan nog eendag. Maar my ma is op die oomblik net te siek vir my om naweke weg te gaan.

16. "Oppikoppi":

Hei, Oppikoppi '02 het gekook en dit was amazing om my ecstasy-peak by Splashy Fen in '06 te vang net toe Sons of Trout se set begin het.

Maar somehow, soos in, victimise die police my elke keer as hulle my bruin Opel notice. Dan wil hulle my search. Ek dink hulle discriminate teen my dreads, bra.

17. "SPCA/Animal Welfare Shelter":

My kinders bel my nie meer op Moedersdag nie. Ek dink hulle het agterkom dat ek eintlik nie van mense hou nie.

18. "Baby on board":

Ek kan voortplant, oukei?! En moenie in my gat vasjaag nie! En wanneer Siphokhazi, die huidige rekordhouer van die Mthatha Long-distance Taxi Association se Kaap-na-Mthatha-en-terug Rally dit sien, sal hy selfs van 160km/h na 130km/h afslack om my in 'n 80km/h-sone verby te steek.

Vader en seun

Ek lees gisteraand 'n artikel oor vaders en seuns en toe onthou ek weer die eerste keer wat ek my seun vir 'n dop geneem het. Die kroeg was net twee blokke van ons huis af.

Ek het vir hom Fosters bestel, maar hy het nie daarvan gehou nie. Toe drink ek dit maar.

Dit was dieselfde met Black Label en Windhoek.

Toe ons by die whisky uitkom, kon ek skaars die stootwaentjie in die pad hou.

BEKWAME BESTUURDER

Wayne, 'n vriend van my, het 'n motorherstelbesigheid.

Eendag bel 'n jong

vrou en vra wanneer sy haar kar kan inbring.

"Ek is nie nou besig nie," antwoord hy. "Waarom bring jy dit nie sommer nou nie?"

Net 'n paar minute later en hier trek die dame vinnig in oor die diensput. Sonder enige gesukkel stop haar karretjie heeltemal dwarsoor die wye, diep diensput.

"Sjoe!" sê Wayne, "Jy's 'n bewame bestuurder. Jou wiele is net 'n paar duim van die diensput af!"

Sy kyk met onbegrip na hom en vra: "Wátse put?"

Stamboom

Help ons familiesoekers

COETZEE lynnette.nel@gmail.com

Theunis Gert Jacobus gebore 22/12/2013 en oorlede 4/10/1982.

DU PLESSIS jackie.pretorius@absa.co.za

Wil graag meer inligting bekom oor die Du Plessis-van. As enige iemand dalk inligting het. My oupa was Marthinus Petrus du Plessis. My pa, Jacobus Stephanus du Plessis. Hulle het in die Vrystaat gebly - Jagersfontein/FaurieSmith.

DU PLESSIS theobsr@webmail.co.za

Ek is besig met die stamboom van Theodorus Daniel du Plessis*1792-1860 van die Oos-Kaap. Sommige afstammeling is in die Vrystaat. Daar is verskeie met die naam Theodorus. Ons kan miskien mekaar help om hulle te koppel.

EMMENIS hans@twk.co.za

Jan Matthys Emmenis gebore 2 Mei 1877. Oorlede op 12 Desember 1933 op Smithskraal. Getroud met Johanna Christina Human gebore 1 Julie 1876 en oorlede 12 Augustus 1966 op Christiana. Jan Matthys Emmenis gebore 13 Oktober 1908, Distrik Faurismith Oorlede 16 Junie 1984 Getroud met Catharina Petronella van Loggerenberg Distrik Christiana.

GROVE akamandag9@gmail.com

Stephanus. Gebore 06/12/1957, te Potgietersrus. Vader was Gert en moeder Anna.

HENZEN charljvr@isat.co.za

Ek is op soek na die stamboom of afstammeling van Wiets Henzen., woonagtig in laat 1800 te Kenhardt-distrik in Noord-Kaap. Hulle was drie neefs wat geïmmigreer het. **OOSTHUIZEN** glenda.niemand01@gmail.com Michiel Jacobus Oosthuizen gebore 25 November 1847 en oorlede 7 November 1921. Catharina Elizabet Oosthuizen (Baasden) gebore 28 April 1886 en oorlede 7 September 1919. Die grafte is op 'n plaas in Heidelberg, Gauteng ontdek. Bekker- en Baasden- grafte ook meeste oorlede in 1919.

VAN DER WALT louise.vandermerwe001@gmail.com

Ek is op soek na enige iemand met inligting oor 'n aanneming 1944/1945. Dit was in Hennenman deur Van der Walts, Berta en Hannes.

AGTEROS

Net voor uitspantyd



En dan die hartseer grafte - *A South African soldier of the Great War - Known unto God.*

Deur REINDERD VISSER

Ek was dáár! Dáár waar 3155 Suid-Afrikaanse soldate 98 jaar gelede in verre Frankryk 'n stukkie bos van 63 hektaar moes binnegaan met die opdrag om dit van 'n oormag Duitsers af te neem en dan ten alle koste te behou.

Dit was dáár waar hulle feitlik dag en nag vir dae aaneen hand tot hand moes veg om aanslae, soms van 3 kante, af te weer. En ook moes koes vir skrapnel van kanonkartetse wat dikwels teen 'n tempo van meer as 400 per uur om en tussen hulle geval het. (Hierdie kartetse het die bos uiteindelik, op een boom na, volledig in 'n hoop splinters verander.)

Dit was dáár waar, 6 dae later, die laaste 149 Suid-Afrikaanse soldate en offisiere lewend uit die splintemes gestrompel het. (Nog ongeveer 550 was toe reeds uit die bos.)

Ja, ek was waar die slag van Delville-bos (of Devil's Wood, soos sommige dit ná die slagting herdoop het) tussen 14 en 20 Julie 1916 plaasgevind het - vir Suid-Afrikaners dié bekendste veldslag waarby ons soldate in die Eerste Wêreldoorlog betrokke was. Waar die "Springboks", soos hulle bekend gestaan het, vir hul uiterste dapperheid geloof is en onthou word.

Van die 3155 soldate en offisiere met die aanvang van die offensief was daar na 6 dae minder as 700 oor. Die res was gesneuwel, vermis, gewond of gevange geneem. Tog het hulle volgens amptelike verslae tot die einde geen tree teruggetree voordat hulle nie die opdrag gekry het om te onttrek nie. Dapper tot die laaste skoot!

Klink ek so 'n effe te patrioties? Dan erken ek dit ruitelik - na my besoek aan die Delville-bos monument, museum en begraafplaas in Noord-Frankryk vloei my Suid-Afrikaanse bloed tog 'n bietjie vinniger. Kyk, of jy vir of teen oorlog is (en ek is daarteen), hiér gaan jy nie onaangeraak weg nie!



As agtergrond: Die Suid-Afrikaanse regering het na 1918 besluit om 'n monument ter herinnering aan SA soldate wat in die Eerste Wêreldoorlog gesterf het, op te rig. Die keuse het op Delville-bos geval. Die regering het die bos in 1920 van die privaat eienaar gekoop en die monument is in 1926 ingewy.

In 1952 is 'n altaar ter ere aan soldate wat in die Tweede Wêreldoorlog gesterf het, bygevoeg. Die museum is 60 jaar later in 1986 ingewy. Die begraafplaas, wat deur Sir Herbert Baker ontwerp is en net buite die bos lê, bevat meer as 5500 grafte van gesneuwelde soldate uit die bos. Twee derdes van die grafte bevat ongeïdentifiseerde liggame.

Die hartseer is dat daar nog honderde gesneuweldes onopgespoor in die bos lê, vir altyd begrawe onder die tonne grond wat deur die tienduizende ontploffings verskuif is.

Vandag is alles rustig en kalm in die hervestigde bos. Met lente reeds 'n maand oud toe ek daar was, was alles vars groen met vrolike voëlsang oral rondom my. Terwyl ek met die lang laning tussen vier rye eikebome in die rigting van die monument en museum gestap het, het ek die unieke verhaal van die eikebome onthou wat ek gelees het. 'n Jong seun op die plaas La Cotte buite Franschoek is in die 1920's gevra om 'n sak vol akkers onder 'n spesifieke eikeboom op te tel.

Dit is hierdie akkers wat nou die 90+ jaar oue laning bome vorm! Maar dit is net die helfte van die storie. Die eikeboom op La Cotte waar die akkers vandaan kom, is blykbaar gegroei van een van ses akkers wat Jean Gardiol, 'n Franse

Hugenoot, uit Frankryk na Suid-Afrika saamgebring en in 1688 daar geplant het. Sirkel voltooi.

Van bome gepraat, die enigste boom in die bos wat tussen al die bombardement bly staan het, is vandag nog daar! Jy kan selfs nog die skrapnelmerke teen die stam sien. Watter verhale kan die boom nie vertel as dit kon praat nie.

Kyk jy na die foto van die monument kan jy moontlik vra: Maar het ek nie iewers in Suid-Afrika ook al so 'n monument gesien nie? Ja, jy het. Trouens, daar staan 2 replikas hiervan in Suid-Afrika – die een voor die Uniegebou in Pretoria en die ander aan die bopunt van die Kompanjieskandale in Kaapstad.

Maar wat stel die twee manne voor wat die perd saam lei? Voormalige vyande wat nou saamwerk. Onthou, die Boereoorlog is maar 12 jaar tevore beëindig, waar Boer en Engelsman (ook Suid-Afrikaners) téén mekaar geveg het. En nou het hulle sáám teen die Boere se vorige bondgenote, die Duitsers, geveg.

Daardie saamwerk het nie goedkoop gekom nie. Die erge gevolge van die konsentrasiekampe en verskroeiende aarde-beleid tydens die Boere-oorlog was nog vars in die geheue en Suid-Afrika moes selfs deur 'n Rebelle in 1914 gaan voor die saam veg kon gebeur. 'n Storie vir 'n ander dag.

Die museum is werklik indrukwekkend. As miniatuurweergawe van die Kasteel in Kaapstad laat dit jou byna "tuis" voel so ver van die huis af. Binne word die verhale van Wêreldoorlog 1 en 2 asook die Koreaanse oorlog visueel met kaarte, friese en uitstallings vertel.

Terwyl ek na die uitstalling van Genl. Jan Smuts gekyk het, het ek myself afgevra: Gee ons genoeg erkenning aan die internasionale bydrae wat hy oor vele jare gelewer het? Die belangrike en waarskynlik vergete rol wat die nieblanke korpse in die oorloë gespeel het, word ook uitgebeeld. In Frankryk alleen was daar in die orde van 20 000 swart vrywilligers in WO I, waarvan meer as 1 000 gesneuwel het.

Die hartseer verhaal van die SS Mendi met meer as 800 lede van die *South African Native Labour Corps* aan boord word ook vertel. Dit het in 1917 aan die Britse kus weens 'n fratsongeluk gesink, met 646 lede wat uiteindelik verdrink het.

Die begraaftaas lyk op die oog af soos enige van die honderde oorlogsbegraafplase in Europa. Dit is terwyl jy daar deurstap en op grafstene die Springbokkop (embleem van die Suid-Afrikaanse regimente) sien dat jy besef – dis van ons mense wat hier lê.

160 van die grafte is Suid-Afrikaners s'n. Daar is ook Afrikaanse vanne: Taljaard, Froneman, Groenewald, Van Blerk . . .

En dan die hartseer grafte - *A South African soldier of the Great War - Known unto God*. 65 Suid-Afrikaanse grafte is sonder name. Maar die meeste gesneuweldes se liggame lê nog êrens in die bos. Hul name verskyn op die Thiepval Muur van Herinnering vir Vermistes, nie ver van Delville Bos nie. *Missing in Action*.

Hoe het die gevegte in Delville Bos uiteindelik afgeloop? Ondanks hul dapper poging kon die "Springboks" nooit die hele bos inneem nie, die oormag was net te groot.

Die paar oorlewende Suid-Afrikaanse soldate wat die bos op 20 Julie verlaat het, is deur ander Geallieerde soldate afgelos, wat op hul beurt weer en weer probeer het om die bos volledig in te neem. Hulle sou eers op 3 September daarin geslaag, ook met 'n enorme prys aan gesneuweldes en gewondes. In April 1918 het die Duitsers die bos weer teruggeneem. Eers einde Augustus 1918 kon die Geallieerdes dit finaal verower, drie maande voor die einde van die oorlog.

Delville-bos . . . Devil's Wood . . . 63 hektaar van hel. Ons mense, die "Springboks", is deur daardie hel. En ek was daar. Om te onthou. En te vertel.